

'N BERAAD TE MIDDE VAN BERADE: DIE HISTORIESE KONTEKS VAN DIE COTTESLOE-KERKEBERAAD HERBEOORDEEL*

J W Hofmeyr

Abstract

A consultation amongst consultations: the historical context of the Cottesloe Church Consultation reconsidered

At the time of writing it happens to be thirty years since the well known Cottesloe Church Consultation took place. On the other hand the November 1990 consultation of a wide variety of South African churches appears strongly in the focal point. In this article the socio-political, ecclesiastical and theological context of the Cottesloe Consultation is reconsidered. Finally some conclusions are drawn as regards the relevance of the Cottesloe Consultation for our times.

1 Inleiding

Soos ook by bepaalde geleenthede in die verlede, staan die Cottesloe-kerkeberaad tans opnuut weer in die kalklig. Enersyds is dit vanjaar (1990) 30 jaar gelede dat hierdie bekende Suid-Afrikaanse kerkegesprek plaasgevind het. Andersyds staan Cottesloe veral ook in sekere kringe skerp in die fokus. Daar word naamlik gevoel dat voordat Cottesloe nie behoorlik deur bepaalde kerke verwerk en die wonde daar rondom geheel is nie, daar nie met veel vrug 'n omvattende kerkegesprek of ook hernude ekumeniese bande kan realiseer nie.

In hierdie oorsig word gepoog om, met 'n bepaalde fokus op die Ned Geref Kerk, die Cottesloe-beraad te midde van 'n hele aantal voorafgaande en daaropvolgende berade te plaas. Verder word ook getrag om die sosio-politieke en kerklik-teologiese konteks waarin Cottesloe gestaan het na

*Referaat gelewer tydens 'n konferensie van die Teologiese Fakulteit (Afd B) van die Universiteit van Pretoria, September 1990.

behore te beskryf, aangesien die vermoede bestaan dat juis ook die konteks van Cottesloe die verloop en afloop daarvan sterk beïnvloed het. In hierdie proses word heelwat gebruik gemaak van die persoonlike belewenisse van betrokkenes, asook van die amptelike besluite van sommige van die berade, om so die klimaat en atmosfeer beter te probeer peil en weer te gee. Ten slotte word, na aanleiding van hierdie oorsig, enkele moontlike antwoorde gebied op die vraag wat hierdie geskiedenis vir ons konteks 30 jaar daarna wil sê.

2 Agtergrond en voorafgaande berade

Cottesloe behoort nooit los van sy konteks gesien en beoordeel te word nie. Dat dit geen simplistiese bedding is waaruit hierdie belangrike kerkeberaad gegroei het nie, staan soos 'n paal bo water. Dit was onder andere politieke, sosio-ekonomiese en kerklik-teologiese faktore wat 'n besondere rol meege-speel het in die ontwikkeling van daardie agtergrond. Daar sal vervolgens in groter detail op elk van hierdie fasette ingegaan word.

Die groei van swart nasionalisme in die groter Afrika-werklikheid, asook in Suid-Afrika self, in die jare na die Tweede Wêreldoorlog was 'n faktor waarmee voortaan wel deeglik rekening gehou moes word. Ten tye van die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in 1948 was daar reeds sprake van 'n mate van ontevredenheid oor bepaalde diskriminerende maatreëls in die geledere van die meer ontwikkelde en professionele swartmense. Reeds in 1944 is 'n veldtog gevoer teen die passtelsel. In 1947 is 'n ooreenkoms tussen die ANC en die Transvaalse en Natalse Indiërs bereik met die oog daarop om hulle vir stemreg en maatskaplike regte te beywer. Alhoewel 'n Kleurlingadviesraad reeds in 1943 gestig is met die oog op beter skakeling met hierdie gemeenskap, is dit as 'n apartheidinstelling gesien. Politieke samewerking is met die swartmense en die Indiërs nagestreef en so het 'n taamlik verenigde aksie van die grond gekom. Die swartmense is in hulle stryd om politieke verandering deur die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party gesteun.

In die tydperk ná 1948, toe die ANC die inisiatief in die swart politieke stryd sou neem, het gebeurde mekaar vinnig opgevolg. In 1949 is op 'n militante aksieplan besluit. In 1951 het die ANC, die Indian Congress en die Franchise Action Council gesamentlik besluit op 'n versetveldtog teen diskriminerende wetgewing. In 1952 is 'n verdere versetveldtog teen apartheidswette

van stapel laat loop. Hierdie versetsaksies het egter min vrugte afgewerp. Die regering van die dag het op verskerpte optrede besluit. In 1952 word Luthuli, wat nou betrokke was by hierdie weerstandsbeweging, president van die ANC.

Die swart versetbeweging het in 1955 'n belangrike stoot vorentoe gekry toe die Congress of the People gehou is. Dit was by hierdie geleentheid dat die welbekende Freedom Charter aanvaar is. Hierin is gevra vir gelyke regte vir alle bevolkingsgroepe, terwyl duidelik gestel is dat Suid-Afrika aan al sy mense behoort. Die doelwit was nie 'n swart meerderheidsregering nie, maar wel 'n demokratiese staat. Intussen is swart nasionalisme in Suid-Afrika ook aangevuur deur 'n verskerpte internasionale reaksie teen die apartheidsbeleid wat deur die regering gevolg is.

Teen 1959 het dit duidelik geblyk dat die Freedom Charter dit vir sekere swart nasionaliste, met hulle strewe na 'n leidende posisie vir Afrikane op die vasteland van Afrika, onmoontlik gemaak het om hulleself in die hoofstroom van die ANC tuis te voel. Dientengevolge is die PAC in 1959 onder die leiding van Sobukwe gestig. Een van Sobukwe se bekende uitsprake het soos volg gelui: "We claim Africa for the Africans, the ANC claims South Africa for all." Nelson Mandela van die ANC het hierdie afsplitsing as "'n gesonde suiweringsproses" beskou en dit gesien as 'n groepering wat weinig groei sou toon. Binne 'n kort tyd het die PAC egter skerp gegroei. Dit was dus 'n belangrike oordeelsfout wat Mandela begaan het.

In die periode 1957 tot 1962 het daar intussen ook verskillende swart politieke ideologieë na vore begin tree: dit was byvoorbeeld die beweging na revolusionêre geweld, beter bekend as die Bambatha-ideologie, die stamnasionalisme as gevolg van die regeringsbeleid, die inklusiewe Suid-Afrikaanse nasionalisme onder leiding van die ANC, en die meer eksklusiewe Afrika nasionalisme van die PAC.

Met die begin van die sestigerjare het dit duidelik geblyk dat die swart nasionalistiese groeperinge hulle geduld met vreedsame pogings tot die verandering van die toe geldende politieke struktuur begin verloor het. Die aksies van beide die ANC en die PAC het 'n duidelike revolusionêre karakter begin kry. Soos in 1952 was dit sterk teen die gehate paswette en ander diskriminerende maatreëls gerig. Pasboeke is verbrand, swartmense het geen verdediging by hofsake aangebied nie, borgtog is geweier en daar is geweier om boetes te betaal. In teenstelling tot 1952 sou selfs die leiers van hierdie organisasies hulle aan hierdie vervolging blootstel.

Die versetsaksies van 1960 het in die meeste stede vreedsaam verloop,

behalwe vir Langa en Sharpeville. Op 'n landswye basis is pamflette teen die paswette versprei om swartmense tot aksie op te roep. Naby Vereeniging in die swart woonbuurt Sharpeville het dit op 21 Maart tot 'n gewelddadige botsing gelei. Die plaaslike polisiestase is omsingel. Polisieversterkings is aangevra en uiteindelik is op die swart betogers geskiet. In totaal is 69 gedood en 180 gewond. Intussen is by Langa vlakby Kaapstad 'n soortgelyke veldtog georganiseer. Ook dit het op 'n konfrontasie uitgeloop. In hierdie proses is 2 swartmense gedood. Hierdie gebeure by Sharpeville en Langa kan as die direkte aanleiding tot die Cottesloe-beraad gesien word.

Die gebeure by Sharpeville in die besonder het felle binne- en buitelandse reaksies tot gevolg gehad. Van buitelandse kant was dit veral Kanada, Denemarke en Indië wat skerp gereageer het, asook die Arbeidersparty in Brittanje. Reeds op daardie stadium is buitelandse kapitaal uit Suid-Afrika onttrek en die gewelddadige optrede teen swartmense is skerp veroordeel. 'n Week na die gebeure by Sharpeville is 'n nasionale roudag gereël, asook 'n staking wat 450,000 swartmense van hulle werk weggehou het. Teen April 1960 is die ANC en PAC tot verbanne organisasies verklaar.

Intussen was dit nie net politieke faktore wat 'n rol meegespeel het om die agtergrond vir die Cottesloe-gebeure te vorm nie. Ook sosio-ekonomiese faktore het 'n bepaalde rol gespeel. In 1950 is 'n kommissie van ondersoek onder leiding van F R Tomlinson aangestel om ondersoek in te stel na die rehabilitasie van swart gebiede in Suid-Afrika en wel met die doel om 'n eie volkstruktuur uit te bou op grond van doeltreffende sosio-ekonomiese beplanning. Dit was dus ook 'n ondersoek wat daarop gemik was om maniere te ontwikkel waarop die tuislande ontwikkel en die beleid van afsonderlike ontwikkeling vir wit en swart uitgewerk kon word. In die veronderstelling dat die integrasie van die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika tot rassekonflik sou lei, is aanbeveel dat aparte ontwikkeling as owerheidsbeleid aanvaar sou word, solank as wat die swart gebiede vinnig en volledig ontwikkel sou word. Private blanke inisiatief en kapitaal sou met die oog hierop noodsaaklik wees.

Die regering van die dag het heelwat van die aanbevelings van die kommissie aanvaar, maar veral sommige van die finansiële aanbevelings is verwerp. Verder was die regering ook nie bereid om die inisiatief en die kapitaal, van private blanke bronne afkomstig, toe te laat nie. Die kommissie het ook aanbeveel dat die stelsel van stambesit afgeskaf moes word. Swartmense in stedelike en landelike gebiede moes vrye erfpag kon hê. Die Verwoerd-regering was nie hiertoe bereid nie.

Uiteindelik het dit geblyk dat die regering se onwilligheid om die omvattende ontwikkeling van swart gebiede van stapel te stuur, om hulle sodoende ekonomies vatbaar te maak, die konkrete deurvoering van afsonderlike ontwikkeling ingrypend benadeel en moontlik selfs gekelder het.

Intussen is verskeie maatreëls sedert 1948 deurgevoer wat ook verskeie diepgrypende sosiale implikasies sou hê. In 1949 is die Wet op die verbod van gemengde huwelike deurgevoer. In 1950 is die Bevolkingsregistrasiewet deurgevoer, asook die Groepsgebiedewet en die Naturellewet van 1952 wat die dra van pasboeke deur swartmense verplig het. In 1953 is die Wet op aparte geriewe ingestel. Die Wet op die afsonderlike verteenwoordiging van kiesers van 1956 het die effektiewe afskaffing van kleurlingstemreg tot gevolg gehad.

Die nie-geïnstitutionaliseerde apartheidslyn, wat voor die bewindsaanvaarding van 1948 reeds bestaan het, is dus in die jare ná 1948 baie duidelik in 'n legio van wette vasgelê. In baie opsigte het dit op niks anders as sosiale ingenieurswese neergekom nie.

Op kerklik-teologiese terrein het die Cottesloe-beraad teen die agtergrond van 'n aantal interessante en diepgrypende kerklike gebeure plaasgevind. Enersyds moet Cottesloe teen die agtergrond van breëre wêreldwye ekumeniese ontwikkelinge gesien word en andersyds mag Cottesloe ook nie los gesien word van die omvangryke kerklike gesprek wat in die loop van die jare vyftig in Suid-Afrika aan die gang was nie. Hier word nie breedvoerig ingegaan op die wêreldwye ekumeniese beweging nie, behalwe net om te stel dat die 19de eeu as sendingeeu deur die 20e eeu gevolg is as ekumeniese eeu. Naas die feit dat daar 'n groeiende samewerking op sendinggebied gerealiseer het, het kerke ook algaande nader aan mekaar begin beweeg op die vlak van die praktiese Christelike lewe. In 1938 is besluit om 'n wêreldliggaam van Christelike kerke daar te stel. Kerke wat Jesus Christus as Here en Verlosser bely, sou by hierdie gemeenskap van kerke aansluiting kon vind. Uiteindelik, nadat die Tweede Wêreldoorlog die realisering daarvan aansienlik vertraag het, het die Wêreldraad van Kerke in 1948 tot stand gekom. Verteenwoordigers van die Ned Geref Kerk van die Kaap en Transvaal, van die Ned Herv Kerk van Afrika, asook van verskeie Engelse kerke, het hierdie stigtingsvergadering in Amsterdam, en die daaropvolgende vergadering in Evanston (1954), bygewoon.

Merkwaardig is dit vervolgens dat die Ned Geref Kerk, waarop in hierdie oorsig meer in die besonder gefokus word, gedurende die vyftigerjare aan die voorpunt gestaan het van die vorming van die openbare mening ten op-

sigte van 'n groot aantal sake, wat natuurlik ook politieke kwessies ingesluit het. Dit het byvoorbeeld baie te doene gehad met die realisering van 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling. 'n Groot verskeidenheid van ekumeniese kongresse oor taal- en kultuurgrense heen is deur die Ned Geref Kerk geïnisieer en aangepak. Dit was dus in baie opsigte 'n bloeytyd van interkerklike en interkulturele gesprek in Suid-Afrika, waarby die Ned Geref Kerk nie net aktief betrokke was nie, maar ook 'n baie bepalende rol gespeel het. Dit is belangrik om die Cottesloe-beraad juis teen die agtergrond van hierdie voorafgaande berade en tesame met die berade ná Cottesloe, waarby die Ned Geref Kerk ook betrokke sou wees, te bekyk en te beoordeel. Daar word dus vervolgens na 'n aantal van hierdie berade of kongresse verwys uit die jare vyftig. Die ruimte ontbreek hier om ook nog aandag te gee aan die diepgrypende besluite wat byvoorbeeld in die vroeë veertigerjare deur die Afrikaanse kerke geneem is rondom veral die patroon van sosiale ordening in Suid-Afrika en die skriftuurlike gronde daarvoor.

Alhoewel die Ned Geref Kerk nie daaraan meegedoen het nie, vind daar in 1949 'n konferensie plaas wat wel hier vermeld behoort te word, naamlik die Rosettenville-konferensie. Dit was die eerste ekumeniese vergadering in Suid-Afrika sedert die bewindsverandering van 1948. Die besluite van hierdie vergadering het in die besonder die posisie van die Engelssprekende kerke weerspieël. Sommiges daarvan lui soos volg: "We affirm that the fundamental truths we shall neglect at our peril include:

- 1 God has created all men in His image. Consequently, beyond all differences remains the essential unity....
- 3 The real need of South Africa is not 'Apartheid' but 'Eendrag' (i.e. unity through teamwork)....
- 4 Citizenship involves participation in responsible government. The franchise should be accorded to all capable of exercising it"¹).

In 1950 belê die Federale Sendingraad van die Ned Geref Kerk 'n omvangryke kongres oor die sogenaamde naturellevraagstuk. Bykans 600 afgevaardigdes van hoofsaaklik die drie Afrikaanse kerke op gereformeerde grondslag het tesame met waarnemers van die Christenraad van Suid-Afrika en die Wêreldraad van Kerke meer as 100 besluite oor die belangrike kwessie van rasseverhoudinge geneem. Die kongres besluit onder andere dat die "enigste blywende oplossing van die rassevraagstuk ... geleë is in uiteindelijke totale skeiding van blanke en nie-blanke... "²). Interessant is dit egter dat hierdie

standpunt van die kongres in wese deur die toenmalige Eerste Minister D F Malan in 'n toespraak in die Parlement in die volgende woorde gerepudieer is: "Nou het die Leier van die Opposisie ook gekom met die vraag, nee, alreeds die veronderstelling, dat daar 'n belangrike kerklike kongres gehou is op Bloemfontein waar die saak van apartheid bespreek is en waar 'n beleid voorgestel is en waar besluit geneem is wat nou neerkom op totale territoriale afskeiding en dit moet dan nou in die loop van tyd tot stand gebring word... Wel, as jy algehele territoriale apartheid sou kan kry, as dit prakties uitvoerbaar sou wees, dan sou elkeen erken dat dit 'n ideale toestand is. Dit sou 'n ideale toestand wees, maar dit is nie die beleid van ons party nie... algehele territoriale afskeiding (is) onprakties...onder heersende omstandighede in Suid-Afrika waar ons hele ekonomiese struktuur vir 'n groot gedeelte gebaseer is op natuurlike-arbeid. Dit is nie uitvoerbaar nie en dit help nie vir enige party om die onmoontlike te probeer verkry nie³).

In 1952 vind 'n uniale konferensie met swart kerkleiers weer eens in Bloemfontein plaas. Bykans 1000 Zoeloes, Xhosas en Sothos woon die vergadering saam met ongeveer 30 verteenwoordigers van die Ned Geref Kerk by. 'n Belangrike resultaat was die totstandkoming van 'n skakelkommissie tussen die sogenaamde moeder- en dogterkerke. Beide swart en blank sou sitting in hierdie liggaam hê.

In 1953 vind daar in Pretoria 'n belangrike konferensie van kerkleiers plaas. Dit was die eerste keer sedert 1941 na die onttrekking van die Ned Geref Kerk aan die Christenraad van Suid-Afrika (die voorloper van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke) dat die Ned Geref Kerk weer aan so 'n breë vergadering deelneem. Naas die Ned Geref Kerk wat die vergadering geïnisieer het, was daar nog verteenwoordigers van 30 kerke en sendinggenootskappe uit die hele Suid-Afrika. In totaal was daar bykans 120 Afrikaanssprekende, Engelssprekende en swart afgevaardigdes teenwoordig. Die tema waarop by die geleentheid gefokus is, was "Christelike beginsels in 'n veelrassige Suid-Afrika". Naas die afgevaardigdes was daar bykans 50 waarnemers en besoekers wat ook 'n hele aantal buitelandse verteenwoordigers ingesluit het. G B A Gerdener, wat die voorsitter van die vergadering was, spreek hom soos volg uit oor onderlinge samewerking: "It is not always easy for us to be gracious, nor always to be truthful. Afraid to offend and desirous of being gracious, we may fail to bear witness to the whole truth and nothing but the truth. On the other hand, in our zeal for the truth, as we see it, we may fail to be as gracious as we should be. Christ came that we may have these gifts and his Holy Spirit is far more willing to grant them to us than we are to receive them"⁴).

Hierdie konferensie het in 'n verklaring wat na afloop daarvan uitgereik is, onder andere die volgende standpunte ingeneem:

- 3 ...No effort was made to conceal or minimise differences.
- 4 In the words of one of the representatives, these differences divided the conference into three groups: those who sincerely believed in a righteous racial separation in the church based on the Scriptures; secondly, those who made no such confession but nevertheless practised some form of separation because circumstances demanded it although such separation did not correspond with the ideals of the Christian church; thirdly, those who were convinced that separation in the church was wrong and stood condemned according to Scripture.
- 5 A strong desire was felt by all present to reach solutions and some understanding; there was also a sense of urgency arising from a realisation of the seriousness of racial tensions in our country ..." 5).

In 1954 is 'n verdere veelrassige konferensie van kerkleiers in Johannesburg gereël deur die Ned Geref Kerk van Transvaal. Dit het by die Witwatersrandse Universiteit plaasgevind. Die tema "God's Kingdom in multi-racial South Africa" is deur 'n aantal Afrikaans-en Engelssprekendes asook 'n aantal swartmense bespreek.

Intussen vind daar ook nog in 1956 'n konferensie oor Christelike literatuur in Johannesburg plaas en in 1959 'n konferensie van swart skrywers in Pretoria.

In 1959 vind daar ten slotte in Johannesburg 'n ekumeniese konferensie plaas. Dit is bygewoon deur verteenwoordigers van al die Suid-Afrikaanse kerke en sendinggenootskappe, die Internasionale Sendingraad, die Presbiteriaanse Alliansie wat later die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke sou word, die Nasionale Raad van Kerke in die VSA en die Wêreldraad van Kerke. Die onderwerp wat by die geleentheid aangespreek is, was "Christian responsibility towards areas of rapid social change".

Afgesien van die feit dat daar reeds in die laat veertigerjare stemme binne die Ned Geref Kerk begin opgaan het wat 'n Skriftuurlike fundering van afsonderlike ontwikkeling betwyfel het, was dit in die middel vyftigerjare dat daar ook in die kring van Ned Geref kerkleiers vroeë begin ontstaan het oor die Skriftuurlike gronde vir afsonderlike kerke vir die verskillende bevolkingsgroepe. Verder was daar ook onder sommige van hierdie leiers 'n bepaalde openheid ten opsigte van ekumeniese betrokkenheid en gesprek. Dit

word baie goed weerspieël deur standpunte wat byvoorbeeld ds C B Brink ingeneem het in sy verslag aan die 1957 Sinode van die Ned Geref Kerk van Transvaal oor sy bywoning van die tweede algemene vergadering van die Wêreldraad van Kerke in 1954: "Ons lidmaatskap van die Wêreldraad stel ons in stimulerende kontak met die heersende mening in alle Protestantse en nie-Katolieke kerke. Dit onderwerp ons aan die uitdaging van 'n wyer kring en dwing ons tot heilsame self-dissipline om ons gedurig self te ondersoek en onself met ons beskouings en onder die neerdrukkende las van ons verbysterende probleme te toets aan die Woord van God en daaruit ons troos en ons krag te put. Hoe moeilik ons posisie daardeur ook al mag word, is daar vir ons, sover ek kan sien, geen heil in isolasie nie tensy ons daartoe gedryf word deur gewigtige gewetensbesware wat ons voor God kan verantwoord"⁶⁾.

Die ekumeniese patroon wat soos hierbo beskryf in die vyftigerjare vorm aangeneem het, het uiteindelik in die Cottesloe-beraad 'n bepaalde hoogtepunt, maar ook 'n bepaalde eindpunt beleef.

Dit is intussen ook interessant om aan te dui hoe 'n aantal individue ontwikkelinge gedurende die jare vyftig beleef en hulle daarvoor uitgespreek het. In 1955 verwys A B du Preez, 'n uiteindelike Ned Geref afgevaardigde by Cottesloe, na rasseverhoudinge. Hy maak die volgende opmerkings in die verband: "Die (skriftuurlike) beginsel wat ons vooraf omskrywe het, toegepas op ons toestande, toon aan dat die gelykstelling van Naturelle en Kleurlinge op die basis van die kultuuraard van die blankes, neerkom op miskennening van die feit dat God hulle as 'n aparte volk en ras gewil het, en 'n poging van die mens se kant is om verbetering op sy wyse beskikking te bewerk."⁷⁾ As dit oor die verhoudinge binne die Ned Geref familie en die verhoudinge met die twee ander Afrikaanse susterskerke gaan, sien hy dit so: "Terwyl daar baie is wat hulle bekommer oor 'n hegte eenheid tussen ons en die Bantoe- en Kleurlingkerke oor 'n Godgestelde grens heen, is dit verbasend dat daar so weinig Christene is wat hulle bekommer oor die teologies-onverantwoorde en onchristelike verdeeldheid van ons Afrikaanse volk in drie Afrikaanse Kerke, wat nogal op presies dieselfde belydenis gegrond is. Indien ons werklik en in gehoorsaamheid aan Gods Woord erns maak met die eenheid van die Kerk van Christus, dan moet ons ons diep verootmoedig oor die pynlik beskamende versplintering van die Gereformeerde-belydende Kerke in Holland en oor die onnodige verdeeldheid van ons drie Afrikaanse Kerke..."⁸⁾

Trevor Huddleston verwoord op sy beurt weer die moeilike dilemma en keuse waarvoor die Christen in Suid-Afrika staan: "It is my considered

opinion that unless the Christian Church in South Africa really faces this issue honestly within the next generation or less, it may well lose - and deservedly - the allegiance of the African people. And it is also my opinion...that the issue is not being honestly faced nor properly presented to the conscience of the Christian world. After all, the Christian cannot escape the daily responsibility of choice: or if he does, he is not in fact accepting the challenge of his faith. Yet, in South Africa, every day and almost every moment, the white Christian is confronted with a choice of quite momentous consequence...‘who is my neighbour?’...Christians in South Africa are afraid even to ask the question. Can it be because, deep in their hearts, they know the answer and reject it?”⁹⁾

Biskop Clayton, aartsbiskop van die Anglikaanse Kerk in die vyftigerjare sê van die kerk die volgende: "The Church is not here primarily to serve society. Its prime duty is to worship God and to obey Him...Let us therefore be very careful that it is God's will we are trying to obey, and that we are not merely trying to make the Church do something that we want to be done."¹⁰⁾

3 Die Cottesloe-kerkeberaad

Die gebeure by Sharpeville op 21 Maart 1960 waarna vroeër reeds verwys is, het uiteindelik direk aanleiding gegee tot die Cottesloe-beraad. Die Sharpeville drama het, soos vroeër aangetoon, geweldige breë plaaslike en internasionale reaksie uitgelok. Ook die Wêreldraad van Kerke het navraag by Suid-Afrikaanse lidkerke gedoen oor wat hulle gedoen het om die ernstige rassespansing wat in Sharpeville gekulmineer het, te ontloot. Intussen arriveer R Bilheimer, gesant van die Wêreldraad in April in Suid-Afrika. Na gesprekke wat hy individueel met verteenwoordigers van die agt Suid-Afrikaanse lidkerke gevoer het, word besluit om 'n Kerkeberaad te reël. As voorbereiding tot die beraad moes elke lidkerk memoranda indien oor 'n vyftal temas, naamlik die feitelike situasie in Suid-Afrika, die Christelike interpretasie van die Evangelie ten opsigte van rasseverhoudinge, die interpretasie van die kontemporêre geskiedenis vanuit 'n Christelike standpunt, die betekenis en implikasies van die noodtoestand in Suid-Afrika, en die getuie-nis van die kerk met betrekking tot geregtigheid, sending en samewerking.

Intussen het ander ontwikkelinge ook 'n rol gespeel in die hele voorbereidingsproses tot die Cottesloe-beraad. Enersyds was daar ernstige spanninge tussen die Ned Geref Kerk en die Anglikaanse Kerk wat veral gesentreer

het rondom die eis van Joost de Blank dat die Ned Geref Kerk uit die Wêreldraad van Kerke geskors moet word. Verder het biskop Ambrose Reeves van die Anglikaanse Kerk intussen ook die land verlaat nadat hy homself bedreig gevoel het oor bepaalde beweringe wat hy oor die Sharpeville-gebeure gemaak het.

Op 7 Desember 1960 neem die 8 dae lange Cottesloe-beraad 'n aanvang in die Cottesloe-koshuis van die Universiteit van die Witwatersrand. Die 80 afgevaardigdes wat bestaan het uit 10 verteenwoordigers van die 8 lidkerke sou ook in die Wits-koshuise tuisgaan. Omdat dit elders reeds uitvoerig bespreek is, word hier nie verder ingegaan op die daaglikse beraadslaginge van die beraad nie.¹¹⁾ Die besluite van die Cottesloe-beraad, waarop hier ook nie uitgebreid gelet word nie, het hoofsaaklik gewentel om die regte en verantwoordelikhede van die totale bevolking asook kwessies soos gemengde huwelike, grondbesit en medeseggenskap in die regering, en die politieke status van die Kleurlinge. Ook op die verwerping van die besluite en die verdere afloop van die beraad word hier nie gefokus nie, behalwe om maar net te stel dat die gesindheid van versoening en samewerking wat by Cottesloe 'n hoogtepunt bereik het, daarna verander het in 'n gees van verwydering en vreemding. Dit is hier meer wenslik om enkele van die persoonlike belewenisse van individuele afgevaardigdes te boekstaaf om so ook meer van die klimaat ten tye van die beraad te wete te kom.

Visser't Hooft van Wêreldraad van Kerke kant beskryf die atmosfeer ten tye van die beraad soos volg: "Afrikaner en Engelssprekende, blank en swart draaien om elkaar heen en beloeren elkaar. Maar weldra komen er persoonlijke contacten tussen mense van verschillende afkomst. De Bijbelstudie, de humor van een Lakdasa de Mel of een Franklin Fry, het samen eten (alleen de Hervormde Kerk zaten altyd alleen aan een tafeltje apart) droegen bij tot ontdooiing. En ten slotte was er een echte verbroedering. Mense, die niet geneigd waren sentimenteel te worden, waren diep onder de indruk. We hadden het gevoel dat er iets groots gebeurd was."¹²⁾

Interessant is die houding wat A P Treurnicht oor die beraad ingeneem het. Vooraf stel hy as redakteur van "Die Kerkbode" en ook as lid van die Kaapse Ned Geref studiekommissie wat aan die voorbereidende memorandum gewerk het, dat die voorstel om so 'n beraad te hou, verwelkom moet word. Hy stel dat die Ned Geref Kerke opreg is in hulle strewe na gesonde verhoudinge tussen die verskillende Protestantse Kerke in Suid-Afrika. Twee weke na die beraad beskryf hy die Cottesloe-beraad as 'n "ontoelaatbare staatsgreep". Veral oor die besluit van die Cottesloe-beraad dat die Kleurlin-

ge parlementêre verteenwoordiging behoort te kry, staan hy skerp krities omdat hy meen dat kerk en staat nog nie klaar daarvoor gedink het nie: "En as ons nog nie klaar gedink het nie, moet ons nie die enigste oop weg wat ons sien tot 'n kerklike of Bybelse beginsel verklaar nie. Daar is sommige kerkmanne wat gerus juis hierin 'n laer profetiese toon kan aanslaan."¹³⁾

F E o'B Geldenhuys beskryf sy belewenis van Cottesloe in die volgende woorde: "Die samesprekinge was besonder openhartig. Vir die eerste keer het ons agt Suid-Afrikaanse lidkerke die kans gehad om mekaar vierkant in die oë te kyk en uit te praat oor ons verskil in siening en benadering van die land se dringende maatskaplike en politieke vraagstukke. Ek is trots daarop dat ek deel van Cottesloe kon wees, en dankbaar dat ek lank genoeg gespaar is om die wye erkenning vir die omstrede beginsels te belewe. Cottesloe was sy tyd twintig jaar vooruit. Die onrus geskep deur die te vroeë en sensasionele bekendmaking van die besluite wat NG afgevaardigdes daar onderskryf het, het ongelukkig die ontwikkeling van die kerk se eie denke in dieselfde rigting tragies met dekades vertraag. Die onmiddellike nasleep van Cottesloe verteenwoordig myns insiens een van die ongelukkigste episodes in die NG Kerk se geskiedenis."¹⁴⁾

Een van die afgevaardigdes van die Ned Herv Kerk, en terselfdertyd parlamentslid, L I Coertze het sy gevoelens en sy belewenis van die beraad so beskryf: "Ek het partymaal die ongemaklike gevoel gehad dat op die kerkkonferensie net politieke toesprake gehou word wat onder Christelike idioom verdoesel is. Wat my betref, was dit die oogmerk van die WRK om oor die algemeen die witmense van Suid-Afrika te laat skaam voel oor hul naturellebeleid en in besonder om 'n stok te kry om die Regering mee te slaan. Vir my as afgevaardigde was die uitvoering van hierdie oogmerk iets verskrikliks, want dit moes alles geskied in die naam van God en ter wille van Christelike liefde".¹⁵⁾

Die bekende skrywer Alan Paton en afgevaardigde van die Anglikaanse Kerk druk sy perspektief op die beraad so uit: "So Cottesloe came and went. There had been nothing like it before, there has been nothing like it since. Afrikaners and English-speaking mix freely in certain worlds, notably that of business...(b)ut in the world of the churches they are far apart. The Afrikaner is never more unapproachable and inaccessible than in his church."¹⁶⁾ Interessant is verder sy belewenis van die Ned Geref Kerk en die Ned Herv Kerk ten tye van Cottesloe: "If ever a church failed in its duty towards its country, it was the NGK. That was because it saw its prime duty, after devotion to God, as being not devotion to the country, but to the volk. I do

not suggest that the other churches have fully discharged their own duties."¹⁷⁾ Oor die Ned Herv Kerk sê hy: "They came to Cottesloe to oppose any attempt by Christians to dilute the powerful essence of apartheid with the milk of sentimentality and false love. I record that to me their faces were hard and unloving. Their God was the God of Judgment and Punishment."¹⁸⁾

Paton verwys ook nog na twee ander wetenswaardighede. In 'n onderhoud met Beyers Naude sê laasgenoemde in 1984: "There is going to be a split in the NGK, a tremendous battle. Either the concerned Christians who are taking the biblical, or verligte side will eventually be forced out of the NGK, or you will see thousands of conservative white members leaving the NGK and joining the Hervormde Kerk...my feelings are that 24 years after Cottesloe there are at least deep stirrings within the hearts and the consciences of a number of theologians, theological students and lay people, who are saying that they cannot remain silent any longer."¹⁹⁾ Paton verwys ook in sy outobiografie na die feit dat Nelson Mandela ook by geleentheid die beraad besoek het. "He was one of the last thirty accused who were still left in the Treason Trial. He was also at that time still in favour of the holding of a National Convention to plan a new constitution for South Africa, and he was against the use of violence to achieve a political solution. He made a special visit to the Consultation to show his approval of its aims."²⁰⁾

In 'n outobiografie van die bekende swart leier Z K Matthews word oor een van sy standpunte, soos gestel by die beraad, die volgende gesê, handelend oor sy gevoelens teen apartheid: "Z K put the African case quietly, consistently, logically, and said: 'In planning for Africans you must consult African leaders.'... By the end of the week the Afrikaners were asking Z K: 'What is your opinion on this?' He made an enormous impression by his quiet logic and his firmness. He brought a continental - almost a world vision - to the group."²¹⁾

Met die Cottesloe gebeure is die inisiatief wat die Ned Geref Kerk in die vyftigerjare met betrekking tot maatskaplike aangeleenthede geneem het, tot 'n baie groot mate gedemp.²²⁾ Dit sou eers in die tweede helfte van die sewentigerjare wees wat daar in samelewingsverband, maar ook in kerklike-teologiese kringe, 'n nuwe diskussie ontwikkel het rondom die saak van volkereverhoudinge en die hantering daarvan.

4 Daaropvolgende berade

Alhoewel die primêre fokus van hierdie oorsig die agtergrond tot die Cottes-

loe-beraad is, is dit veral met die oog op die feit dat die 1990-kerkeberaad in baie kringe nie los van die Cottesloe-beraad gesien wil word nie, van groot belang om nie net na die voorafgaande berade te kyk nie, maar tog ook kursories op slegs enkele van die daaropvolgende berade of omvangryke vergaderings hoofsaaklik in die laaste dekade te let. Daar moet vermeld word dat ook die kerklike en teologiese diskussie in hierdie tyd van so 'n omvangryke aard was dat dit hier onmoontlik is om op elkeen spesifiek in te gaan. Deur minstens na enkele van hierdie berade te kyk kan egter met 'n beter aanvoeling en insig oor enkele verwagtinge ten opsigte van die 1990-kerkeberaad nagedink word.

In Maart 1979 is 'n streekkonferensie van die Suid-Afrikaanse lidkerke van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke in Pretoria gehou, wat op inisiatief van die Switserse Protestantse Kerke plaasvind. Vir die eerste keer sedert Cottesloe kom verteenwoordigers van 16 verskillende kerke byeen rondom die knelvraag van die era, naamlik die taak van die kerk ten opsigte van sosiale geregtigheid.

In Julie 1979 kom meer as 5000 Suid-Afrikaanse Christene van haas alle kerklike en kulturele agtergronde bymekaar ten tye van 'n Suid-Afrikaanse Christenleiers-konferensie (SACLA). Dit het as hoofdoel gehad om saam te ontdek wat dit beteken om in daardie tyd getroue en doeltreffende getuies te wees.

In Oktober 1980 word die Hervormingsdaggetuienis van 8 Ned Geref teoloë die wêreld ingestuur. Ook hierdie gebeurtenis was 'n belangrike mylpaal in die worsteling rondom die taak van die kerk.

'n Verdere ernstige worsteling binne Ned Geref geledere word weer-spieël in die publikasie van Stormkompas en die welbekende Ope Brief deur 123 Ned Geref predikante.

In 1982 vind 'n teologiese kongres plaas wat handel oor die kerk in die tagtigerjare in Suid-Afrika. Ook aan hierdie diepgaande gesprek neem 'n hele aantal Ned Geref teoloë deel.

In 1982 het die Ned Geref Sendingkerk 'n "status confessionis" teen apartheid as 'n kettery afgekondig. Intussen verklaar die Wêreldbond van Geref Kerke ook in 1982 dat apartheid 'n kettery is.

In 1986 neem die Ned Geref Kerk ten tye van sy Algemene Sinode die belangrike beleidsdokument Kerk en Samelewing aan. By dieselfde geleentheid besluit die sinode om steeds lid van die GES te bly. Hierdie laasgenoemde twee gebeure word myns insiens met reg deur A G S Gous as 'n moontlike draaipunt in die denke van die Ned Geref Kerk beskou.²³⁾

In 1989 vind die sogenaamde Vereeniging-beraad plaas en wel tussen die lede van die Ned Geref Kerkfamilie. Dit was waarskynlik die eerste keer dat hierdie familie op so 'n diepgaande wyse oor die Suid-Afrikaanse problematiek gesprek gevoer het. Van die kant van die afgevaardigdes van die Ned Geref Kerk was daar waarskynlik ook 'n duideliker verklaring as ooit vantevore oor die aandeel van die Ned Geref Kerk aan die fundering en vestiging van apartheid.

5 Slot

Ten slotte word getrag om in die lig van die voorafgaande enkele interpretatiewe opmerkinge te maak, onder andere ook oor wat hierdie geskiedenis vir ons in ons tyd wil sê.

Eerstens blyk dit duidelik dat die konteks in 'n groot mate die gebeure en veral die afloop van Cottesloe bepaal het. As 'n mens besef dat dit in daardie tyd in 'n baie groot mate gegaan het oor die vestiging van apartheid (wat natuurlik onder andere ook die verbanning van die ANC en die PAC tot gevolg gehad het), dan kan 'n mens ook meer van Cottesloe en die gebeure daarna verstaan. Waar dit in ons tyd veel meer gaan oor die afbreek en uit-skakeling van apartheid (wat op sy beurt weer die ontbanning van die ANC en die PAC tot gevolg gehad het), en waar 'n mens ook veel minder te doen het met 'n geslote en 'n dempende owerheid as in die vroeë sestigerjare, kan dit moontlik iets goeds inhou ook vir die sukses van die komende kerkeberaad.

Tweedens sal die Ned Geref Kerk baie ernstig aandag moet gee aan die herstel van ekumeniese verhoudinge na 'n seisoen van intense isolasie. Hierdie pad van isolasie het grootliks met Cottesloe begin. Cottesloe sal finaal verwerk moet word en daarna moet die toekoms in sy volheid aangepak word. Moontlik het die eerste beskeie treë op hierdie pad reeds in 1986 begin. Om hierdie pad na herstelde ekumeniese verhoudinge te bewandel en geloofwaardig daarin te wees, sal die Ned Geref Kerk egter eerder vroeër as later tot 'n verstandhouding met die Ned Geref familie moet kom oor hulle inherente eenheid.

'n Tyd soos dié waarin ons lewe, sal derdens ook baie hoë uitdagings aan die kerk stel indien hy nie 'n randverskynsel wil word nie. Deur nie te mompel oor sy siening oor geregtigheid en versoening of skoorvoetend te werk te gaan nie, maar deur met 'n geesvervulde waagmoed finaal oor die Rubicon

te tree, kan die Ned Geref Kerk alleen maar kerk en koninkryk dien. Hoe langer en hoe meer getalm word, hoe groter sal die skade wees.

'n Groot toets lê ten slotte vir die Ned Geref Kerk voor om ook in hierdie tyd ware kerk van Christus te wees. Byna soos nog nooit vantevore nie, sal hierdie kerk moet vashou aan die Woord van God en aan die God van die Woord, aan die Kategismus met sy driedeling van sonde, verlossing en dankbaarheid en aan die wete dat 'n gereformeerde kerk altyd weer reformeer, oftewel: *ecclesia reformata semper reformanda*.

Notas

- 1 J W de Gruchy, *The Church Struggle in South Africa*, Cape Town 1979, 56.
- 2 G B A Gerdener, *Die Naturelle vraagstuk. Referate gelewer op die kerklike kongres van die Gefedereerde Ned Geref Kerke in Suid-Afrika*, Bloemfontein 1950, 117.
- 3 F E O'Brien Geldenhuys, *In die Stroomversnellings*, Kaapstad 1982, 40.
- 4 De Gruchy, *a w*, 57.
- 5 *a w*, 57.
- 6 *Die Ned Geref Kerke in Suid-Afrika en rasseverhoudinge*, Bloemfontein 1961, 51.
- 7 A B du Preez, *Die Skriftuurlike grondslag vir rasseverhoudinge*, Kaapstad 1955, 22.
- 8 *a w*, 43.
- 9 T Huddleston, *Naught for your comfort*, London 1964, 47.
- 10 A Paton, *Apartheid and the Archbishop*, Cape Town 1973, 290.
- 11 A H Lückhoff, *Cottesloe*, Kaapstad 1978, 74-82.
- 12 *a w*, 95.
- 13 *a w*, 109.
- 14 Geldenhuys, *a w*, 58.
- 15 Lückhoff, *a w*, 103.
- 16 A Paton, *Journey continued, an autobiography*, Cape Town 1988, 217.

- 17 a w, 217.
- 18 a w, 213.
- 19 a w, 217.
- 20 a w, 215.
- 21 M Wilson, *Freedom for my people. The autobiography of Z K Matthews: Southern Africa 1901-1968*, Cape Town 1981, 203.
- 22 Kyk ook D J C van Wyk, "Nawerkinge van die Cottesloeberaad van die Wêreldraad van Kerke 7-14 Desember 1960", *Hervormde Teologiese Studies*, vol 39, 44-64 en D M Balia, *Christian resistance to apartheid*, Johannesburg 1989.
- 23 A G S Gous, "Fokus op die Ned Geref Kerk binne die ekumeniese toneel in Suid-Afrika", *Skrif en Kerk*, vol 10(1989), 128-145.